

## 2 DESEMBER 2018

09:00 Kerssangdiens *Advent 1*

Immanuel van Tonder  
*Stille dag*

18:00 Aanddiens – Koinonia

Jeanri Bezuidenhout

Baie dankie aan almal vir die skenkings  
tydens ons dankiemaand.  
U meelewing word opreg waardeer!

## 9 DESEMBER 2018

09:00 Erediens *Advent 2*

Johan Jooste

18:00 Aanddiens – Koinonia

Peet Crous

Dankie aan almal wat die Senior lidmaat-  
kuier bygewoon het. Groot waardering vir  
almal wat so hard gewerk het om dit  
spesiaal te maak!



Baie welkom by die Kerssangdiens. Hartlik  
welkom ook aan die kunstenaars wat tydens die  
diens optree. Rolf Rencken (orrel), Richard  
Kington (trompet) en Palissander met Sarita  
Hauptfleisch (dirigent), een van Suid-Afrika se  
toonaangewende kamerkore, is 'n internasionaal  
erkende, onafhanklike amateurkoor wat in 1992  
gestig is. Die koor het tot dusver met groot  
sukses in Kanada, Noorweë, Denemarke,  
Nederland, Kenia, Frankryk, Italië, Duitsland,  
Spanje, Estland en Finland opgetree. Die koor se  
kernwaardes is passie, oorfloed, vreugde,  
respek en aanvaarding.

Die Gasvryheidsbediening nooi  
almal hartlik uit na 'n Kerstee  
na die Kerssangdiens in Koinonia.  
Baie dankie aan al die dames wat die eetgoed  
vir die tee voorsien het.



# Die week se kalenderaktiwiteite

**Woensdag:** Kleingroep vir Mammass met babas en kleuters 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 of Fay van Eeden 083 478 0854.

**Vrydag:** Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

## Voorbidding

Juan Ferreira, ons koster (084 588 4948) – ma is siek.

Sarel en Karin Stapelberg, Nutmeglaan 93, Newlands, 083 985 0458 – Karin se pa, Gerhard Stier, is oorlede.

Begrafnis is Donderdag 11:00 in die kerk.

## Speelgoedbiblioteek vir Thandanandi

Enige speelgoed – oud of nuut word met groot dankbaarheid aanvaar vir 'n plakkerskamp se **speelgoedbiblioteek!** Merk en bring gerus speelgoed vir dié besondere biblioteek na die Info-toonbank of die kerkkantoor. Byvoorbait baie dankie vir die gewaardeerde ondersteuning.



## Pen Seekamp

PEN Seekamp is meer as net 'n projek, dit is die ontginning van goud in die vorm van glimlaggies en skitterende ogies. Dit is die warm drukkie wat jy kan gee wanneer 'n klein hartjie baie "seer" ervaar. Soos van tevore, vat **PEN weereens 110 kinders na die Suidkus hierdie jaar**. Vir sommige sal dit 'n eerste keer wees dat hulle die grense van Pretoria sal agter laat, vir ander sal dit die eerste keer wees om in die sand te speel en swem in die groot blou see. Dit sal 'n tyd wees van "saamwees", belangriker, 'n tyd van "gesond" en heel word. PEN kan dit slegs doen, met julle hulp! Ons wil graag ons droom vir hierdie kinders met julle kom deel. Borg 'n kind se "gesond word" teen R1500,00 per kind. Dalk kan jy koeldrank koop, nie bederfbare kos gee, selfs jou gebed gaan hierdie ontginning van 110 drome laat gebeur. Kontak Susan by [012 323 6688](tel:0123236688) of [susan@pen.org.za](mailto:susan@pen.org.za) om deel te wees van God se plan hierdie Desember.

## Blommebediening

Kom help ons om die oggenddiens so mooi, verwelkomend en gesellig te hou soos dit nou is! Ons benodig nog mense om blomme in die kerk te plaas. Laat jou kreatiwiteit vloei met die saamsit van die blomme vir almal om te geniet. Kontak vir Anna-Marie 083 676 1145 of e-pos [anna-marie@morgancargo.com](mailto:anna-marie@morgancargo.com).

## Zakaranda Liggietees

- Die rooster is steeds Sondae by die hoofingang beskikbaar as jy jou naam wil opsit vir hulp by die koffiestalletjie vanaf 1 tot 31 Desember (om 18:00 tot 22:00).
- Die houer vir skenkings van Cappuccino-boksies, langlewe-melk, suiker, *hot chocolate* en filterkoffie, sal ook elke Sondag by die ingang beskikbaar wees of lewer dit asseblief by die kerkkantoor af.
- Kontak nommers: Anneke 082 376 2604; Chris 079 871 7079 en Noella 084 396 1059.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bankbesonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan [finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of Snap Scan.



Snap here to pay

SnapScan

# Kontak van die week: 'n Icoon vir ons


My reis met ikone het in 2013 by 'n ekumeniese konferensie begin. Een van die sprekers het in sy aanbieding verwys na die sesde eeuse ikoon 'Christus en vriend', wat ook bekend staan as St Menas. Die ikoon het my dadelik aangespreek. 'n Jaar later het ek die voorreg gehad om dieselfde ikoon in die Louvre te sien. Hierdie ikoon het weer my pad gekruis tydens 'n *retreat* by die Taizé gemeenskap. In Taizé het ek vir my 'n kopie van die ikoon aangeskaf, en dit het sedertdien 'n spesiale plek in my studeerkamer. In September 2016 het ek die voorreg gehad om, onder die begaafde leiding van Anna-Marie Bands, my eersie ikoon te skryf (dit is die korrekte term vir die skilder van 'n ikoon). Die skryf van my eerste ikoon was 'n besondere ervaring wat ek nooit sal vergeet nie. Ek het ervaar dat, soos die ikoon se lae gegroei het, ek van my eie lae gestroop is. Die gebruik van ikone in my gebedstyd het vir my kosbaar geword, maar dit het my altyd met 'n skuldgevoel gelaat. So asof ek op my eie tradisie verneuk. Hierdie emosie van ongemak het my aan die dink gesit – is dit moontlik om as gereformeerde die rykdom van ander tradisies te waardeer en op 'n manier te inkorporeer sonder om jouself en jou tradisie te verloor of te verloën? Sou dit moontlik wees om gewortel te wees in die gereformeerde tradisie en steeds ikone te kan waardeer en gebruik in 'n mens se gebedstyd? En kan ikone in 'n gereformeerde liturgie gebruik word sonder dat die liturgie se identiteit in gedrang gebring word? Uiteindelik het ek besluit om hierdie vrae te verken deur verder te studeer.

Twee jaar later kan ek "Ja" antwoord op al die bogenoemde vrae. Ek is meer oortuig as ooit dat ikone die gereformeerde tradisie en liturgie kan verryk. Sou die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika besluit om ikone in hulle liturgie te inkorporeer is dit egter belangrik dat die konteks en diversiteit binne die breër gereformeerde tradisie in Suid-Afrika in ag geneem word. Met die laasgenoemde in gedagte het ek in my studies gepoog om 'n ikoon te ontwikkel wat in sekere opsigte getrou bly aan die Bisantynse ikonografie waarin ek opgelei is, maar wat terselfdertyd die kerklike tradisie waaraan ek behoort, asook die konteks van ons land, in ag neem. Die ikoon 'Jesus Christus aanvaar die kruis' probeer

getrou bly aan die Bisantynse ikonografie deur die gebruik van 'n halo en die Bisantynse bewoording in die halo wat lees 'Die Wese'. In Bisantynse ikonografie word Jesus altyd uitgebeeld met 'n rooi tuniek wat sy menslikheid uitbeeld. Die rooi tuniek word altyd met 'n blou kleed bedek wat sy goddelikheid uitbeeld. Om sensitief te wees ten opsigte van die verskillende kulture en rasse binne die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika word Jesus as blou uitgebeeld (wat na sy goddelikheid verwys). Sy menslikheid word met 'n rooi wond aan sy sy aangedui. Die donker agtergrond is gekies in ooreenstemming met die kleure van die kerklike jaar. Om die breër konteks van ons land in ag te neem, is die rand van die ikoon oorgetrek met shweshwe lap. Die ikoon kort nog baie verfyning, maar ek is dankbaar dat ek hieroor kon nadink en hopelik die pad baan vir verdere nadenke en gesprek oor die rol en waarde wat ikone vir ons tradisie kan hê.

Hiermee 'n groot dankie aan die kerkraad wat nie net vir my die ruimte gebied het om te studeer nie, maar wat my ook finansieel ondersteun het. Dankie ook aan my kollegas en Nuwe Generasie se dagbestuur vir al julle ondersteuning.

Liefde Fay



Naam \_\_\_\_\_

Selfoonnommer \_\_\_\_\_ Landlyn nommer \_\_\_\_\_

E-posadres \_\_\_\_\_

Kort beskrywing van Gawe

\_\_\_\_\_

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

\_\_\_\_\_

Handtekening

Datum

\*\*\* Handig asseblief in by die *Info*-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

\*\*\* Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan [helplift@nglynnwood.co.za](mailto:helplift@nglynnwood.co.za).



Gemeenskap



**TJ se bestuursakademie. 17 Jaar ondervinding. Skakel 082 876 4152.**

**Tuinwoonstel te huur:** 2 Slaapkamers, kombuis/woonvertrek, waskamer, stort en toilet apart, eie tuin, dubbel motorafdak. Goeie Sekuriteit. R8 000 pm water en ligte ingesluit. Sussexlaan, Lynnwood.  
Kontak Jan 082 784 0807.

**Huis te huur in Lynnwood (baie stil straat):** 3 Slaapkamers, 2.5 badkamers, kombuis, aparte was en strykkamer, TV kamer, sitkamer, eetkamer en onthaalarea, dubbel motorhuis, alarm, ingeboude braaier, solar geysers, lugversorging en privaat tuin met swembad en speelplek vir kinders. Beskikbaar vanaf 1 Desember of 15 Desember, @ R16 500 per maand – kontak Celia by 082 902 3642.

**Kamers te huur in Lynnwood:** Sekuriteits-area : Studente-/jongwerkes. Vir meer inligting kontak Alex Grobler 083 584 3753 of e-pos [alexgrobler44@gmail.com](mailto:alexgrobler44@gmail.com).

**Herwinningshouers is in die parkeerarea (Sussexlaan)** – bring gerus herwinbare artikels.


**Kennisgewingborde:** Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

**Byderhand:** Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos [customerarep@tshwane.gov.za](mailto:customerarep@tshwane.gov.za). Slaggate en/of robotte uit: e-pos [customerare@tshwane.gov.za](mailto:customerare@tshwane.gov.za). Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos [customerare@tshwane.gov.za](mailto:customerare@tshwane.gov.za). Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by [www.tshwane.gov](http://www.tshwane.gov).

**Kontak ons:** 012 348 1245, [kerkkantoor@nglynnwood.co.za](mailto:kerkkantoor@nglynnwood.co.za). Web: [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za)

Ma – Do 07:30 – 13:00 en Vry tot 12:00. Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.

Kom  ons en gesels saam op Facebook by Lynnwood Gemeente,

Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.